4 Junie 2018

Geagte Menere De Vries en Burger,

INSAKE : SKRYWE VAN ERNSTIGE KOMMER AANGAANDE DIE STAND VAN DIE SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE ("SAOU") // FORUM VIR BEKOMMERDE LEDE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE ("FBSAOU")

U skrywe dd 1Junie 2018 gerig aan die verkose President van die SAOU, Dr Louis Swanepoel, het betrekking.


Vanweë die ernstige kommer wat u in u brief uiteensit, het die President die inhoud daarvan na die volle Nasionale Dagbestuur van die SAOU verwys vir kommentaar en insette. Die inhoud van hierdie antwoord op u skrywe, verteenwoordig dus die kollektiewe denke van die Dagbestuur en nie die van 'n enkele individu nie. Aangesien Dr Louis Swanepoel in sy hoedanigheid as President deel vorm van die ondersoek deur Sy Edele Regter Hartzenberg, het die Dagbestuur besluit dat hy nie verder by hierdie aangeleentheid betrokke moet raak nie en skrywer as die Adjunk President van die SAOU aangewys om verder met u skrywe te handel.

Maak geen fout nie, die Dagbestuur is werklik nie beïndruk deur die nuwe forum wat beide u here skep om ou "bekommernisse" nuwe lewe te probeer gee onder die dekmantel van die "FBSAOU" nie.

In 'n vorige skrywe aan mnr Burger in sy hoedanigheid as Voorsitter van Klub 42, het die SAOU bewys gevra van die steun wat hy geniet. Hy is uitgenooi om die Grondwet van Klub 42 openbaar te maak en 'n ledelys voor te lê. Dit is interessant om daarop te let dat die Voorsitter van hierdie Klub nie net versuim het om op die brief te antwoord nie, maar ook nie die durf aan die dag kon lê om sy steun te bewys nie. Daar is egter gelet dat mnr Burger ook die skrywe van die FBSAOU verder versprei het onder lede van Klub 42.

Die afleiding wat die Dagbestuur maak is onvermydelik – die FBSAOU is maar net nog 'n skepping van mnr Pashut wat u twee here gebruik om sy vuilwerk te doen. Langenhoven het by geleentheid opgemerk dat hoe meer 'n mens hom laat gebruik, hoe minder bruikbaar is hy.

Insiggewend is 'n opmerking vervat in 'n e-pos wat ook aan mnr de Vries gesirkuleer is en wat hieronder aangehaal word:




Waarom verlekker die betrokke SAOU lid hom  aan die gedagte dat ‘n sogenaamde “bom gaan bars” by die Hoofdesimposium? Waarom sleep hy onder andere mnr de Vries by hierdie saak in? Is dit hoe ‘n opvoeder en leier in sy gemeenskap optree? Is dit die optrede van ‘n persoon wat *bona fide* bekommerd is oor die stand van sake in sy vakbond? Is dit die optrede van ‘n persoon wat regtig ‘n bydrae wil lewer tot die opbou en uitbou van die SAOU? Of is dit die optrede van ‘n persoon wat hom skuldig maak aan ondermynende gedrag en wat die goeie naam van die SAOU en sy voorgangers wat oor 125 jaar opgebou is, deur die modder wil sleep? Vereenselwig u twee here u met hierdie tipe van optrede?

Die Dagbestuur sal egter terwille van deursigtigheid en as bewys van hulle goeie trou teenoor lede, u twee here se skrywe en hierdie antwoord daarop, aan Sy Edele Regter Hartzenberg oorhandig sodat hy die bewerings wat u twee here maak, kan ondersoek.

Alhoewel dit nie die doel van hierdie skrywe is om op iedere en elke bewering wat u maak, te antwoord nie, sal die Dagbestuur ten einde hulle bona fides te bewys tog op enkele van die ernstige bekommernisse antwoord:

***1. Die SAOU-groep se sakestruktuur strek grootliks tot voordeel van die SAOU-bestuur self.***

Uit die oogpunt van die Dagbestuur gesien, is hierdie bewering vals. Die “SAOU bestuur” bestaan uit die demokraties verkose leiers vanuit die lede van die SAOU wat steeds (ondanks hulle verpligtinge by die SAOU) voltyds hulle aandag aan die onderwysinstellings gee waar hulle leiersposte beklee.

Die President se besoldiging bestaan uit die volgende :

- Sy amptelike salaris as werknemer by die Mpumalanga Departement van Onderwys (MDO).
- Raadsgelde en sittingsgelde by SAEF.
- ‘n Voorsitterstoelaag by die SAOU om die President in presies dieselfde finansiële posisie te plaas as wat hy sou gewees het indien hy steeds as skoolhoof by sy betrokke skool in diens van MDO opgetree het. Hy verbeur onder andere die voordeel van sy koshuistoelaag en die behuisingsvoordeel wat hy op die skoolterrein geniet het.

- TOOM (TO STRAND) – Raadsgelde van ongeveer R9 000 per jaar. Daar kan gemeld word dat hy ook nie meer ‘n lid van die Direksie is nie.

Bo en benewens voormelde, word ‘n Toyota Fortuner motorvoertuig deur die SAOU aan die President voorsien. Die voormelde voertuig is ‘n sogenaamde poelvoertuig wat aan die SAOU behoort en deur die President gebruik word vir die uitoefening van sy ampspligte. Die President het geen aanspraak of eiendomsreg ten opsigte van hierdie voertuig nie.

Die HUB is ‘n werknemer by die SAOU en die SAEF en is sy vergoedingspakket deur die onderskeie entiteite bepaal na oorlegpleging met PE Corporate Services, ‘n maatskappy wat spesialiseer in die navorsing en vasstelling van die vergoedingspakkette van senior bestuurslui. Die omvang daarvan is tog ‘n privaat aangeleentheid tussen werkgewer en werknemer en respekteer die Dagbestuur die vertroulike aard daarvan.

Uit die bovermelde feite is dit duidelik dat u beskuldiging nie water dra nie.

**2.** ***Dit is ongesond en onwenslik dat die direkteure/bestuur van die entiteite binne die SAOU-groep gedurig en vir verlengde tye dieselfde persone is.***

U mag dalk hier ‘n gegronde punt van kritiek opper. Hierdie aspek is na Sy Edele Regter Willem Hartzenberg verwys vir ondersoek en aanbeveling. Daar word egter gepoog om direksies elke drie jaar te roteer.

**3.** ***Dit is ongesond en onwenslik dat daar verskeie vorms van vergoeding deur dieselfde persone wat op die verskillende direksies/besture dien, ontvang word.***

Die Dagbestuur respekteer u siening in hierdie verband. Die Dagbestuur huldig egter ‘n teenoorgestelde siening en verwag van u twee here om ten minste respek te betoon aan diegene wat ‘n saak anders as u beoordeel. Die entiteite binne die sogenaamde SAOU-groep is afsonderlike regsentiteite en kan daar nie van ‘n individu verwag word om gratis en verniet die fidusiêre verpligtinge rondom die bestuur van ‘n aparte regsentiteit na te kom nie.

*4.* ***Die beweerde vergoeding van top bestuur se somtotaal, is in meeste gevalle meer as 10x wat lede van die SAOU verdien. Daar word tereg vraagtekens gestel aangaande die wanverhouding van vergoeding tussen die top bestuur en sy lede.***

U redenasie in hierdie geval is moeilik om te volg. Vergoeding loop tog hand aan hand met verantwoordelikheidsvlakke – daarom verdien ‘n skoolhoof wat baie meer verantwoordelikheid dra met betrekking tot die professionele bestuur van sy skool, baie meer as ‘n gewone onderwyser wat nie dieselfde verpligtinge het nie. Soos hierbo gestel word gebruik die SAOU eksterne adviseurs om poste te gradeer en die markverwante vergoeding te bepaal.

*5.* ***Dit is in besonder onwenslik dat die vergoedingspakket, van spesifiek mnr Chris Klopper, blyk te wees dat hy voltydse vergoeding ontvang vir meer as een voltydse werk. Hy ontvang ’n voltydse salaris by die SAOU, en dus volg dit logies dat alle werkbare ure aan die SAOU gewy behoort te word. Die ander strome van inkomste, soos sy vergoeding van SAEF en as voorsitter van ’n mediese trust, moet op so ’n wyse aangepas word dat die ure werksaam aan suiwer SAOU-sake, akkuraat gereflekteer word, en dat bykomende vergoedings aangepas moet word.***

In beginsel gaan die Dagbestuur akkoord met u siening dat die HUB sy voltydse aandag binne redelike werksure moet verleen aan die uitvoering van sy pligstaat wat deur die Dagbestuur aan hom toegewys is.

In werklikheid doen die HUB baie meer as wat in sy posbeskrywing en pligstaat uiteengesit word. Die Dagbestuur monitor onder andere die resultate van die arbeid wat deur die HUB verrig word, baie daarvan buite redelike werksure, en is baie tevrede met sy prestasie as HUB van die SAOU.

Sy werksaamhede as Voorsitter van die trustees van Medihelp meng geensins in met sy bedrywighede en pligstaat by die SAOU nie. Die Dagbestuur het geen bevoegdheid om in te meng met die bedrywighede van enige amptenaar buite redelike werksure nie. Die HUB verrig sy pligte by Medihelp met die medewete en goedkeuring van die Dagbestuur.

Die vergoedingspakket van die HUB by SAEF is weereens 'n aangeleentheid tussen werkgewer (SAEF) en werknemer. Die Dagbestuur van die SAOU is nie by magte om daarop kommentaar te lewer nie. Ook in hierdie geval is die Dagbestuur tevrede dat die HUB se werksaamhede by SAEF nie inmeng met die werksaamhede van die HUB by die SAOU nie.

Wees verseker dat u verkose leierskap alles in hulle vermoë doen om u as lede se belange op die hart te dra en te beskerm. Uitgawes word met sorg bestuur en sal die Nasionale Uitvoerende Raad van die SAOU opnuut weer, soos gebruiklik tydens die drie jaarlikse proses, alle vergoedingspakkette van amptenare onder die loep neem en, waar nodig, die omvang daarvan heronderhandel of die posinhoud herdefinieer ten einde steeds besparings in die begroting te bewerkstellig wat uiteindelik die lede tot voordeel kan wees. Die onderliggende prosesse tot voormelde is ook na die Regter vir ondersoek verwys.

6. *Lede van die SAOU word onvoldoende bygestaan, geadviseer en verteenwoordig in dispute en ander sake met veral die Departement.*

Die Dagbestuur neem met besorgdheid kennis van hierdie persepsie wat bestaan. Dit is die doel en strewe van die Dagbestuur van die SAOU dat alle lede veilig moet voel binne die vangnet van beskerming wat die SAOU aan sy lede teenoor die aanslae van buite bied.

Die SAOU versoek jaarliks lede om die kwaliteit van die SAOU se diensleweringsmodel te evalueer by wyse van elektroniese stemming. Meegaande hier onder 'n opsomming van die resultate van die 2017-opname:

| SAOU Dienslewering : 2017 | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Prov | Respondente | Komms | Web-werf | Verhoud met Dept | Beeld vd SAOU | Effektiwiteit v SAOU | Persepsie v SAOU | Navrae | Alg funksionering | Opl | Bemagtiging & pers verwagting | Gemid |
| Gau | 288 | 92.98 | 89.94 | 88.42 | 82.53 | 86.29 | 86.77 | 85.95 | 87.02 | 88.97 | 83.68 | 87.25 |
| KZN | 79 | 90.32 | 88.89 | 84.45 | 80.48 | 83.74 | 82.53 | 84.06 | 85.50 | 82.14 | 81.02 | 84.31 |
| LIM | 43 | 91.56 | 88.27 | 86.95 | 79.17 | 82.13 | 83.44 | 77.30 | 83.01 | 91.78 | 86.99 | 85.06 |
| MPU | 173 | 95.75 | 90.12 | 85.52 | 77.46 | 88.37 | 84.34 | 92.60 | 93.04 | 92.84 | 94.61 | 89.46 |
| NK | 54 | 96.88 | 76.00 | 87.13 | 80.56 | 87.98 | 85.58 | 88.46 | 94.47 | 88.60 | 80.61 | 86.63 |
| NW | 113 | 94.80 | 86.34 | 88.87 | 80.06 | 88.47 | 85.84 | 87.03 | 87.41 | 87.65 | 85.14 | 87.16 |
| OK | 94 | 93.03 | 86.16 | 84.61 | 83.57 | 82.60 | 83.97 | 86.67 | 87.58 | 89.06 | 84.46 | 86.17 |
| VS | 111 | 95.38 | 86.20 | 87.90 | 81.65 | 90.24 | 83.85 | 88.53 | 92.02 | 87.36 | 83.73 | 87.69 |
| WK | 205 | 93.59 | 90.10 | 87.18 | 82.20 | 86.57 | 86.62 | 88.36 | 88.17 | 88.12 | 81.80 | 87.27 |
| **Gemid** | **1160** | **93.81** | **86.89** | **86.78** | **80.85** | **86.27** | **84.77** | **86.55** | **88.69** | **88.50** | **84.67** | **86.78** |

In die verband word u aandag ook op die aanhangsel hiertoe (**Aanhangsel A**) gevestig ten einde vir u 'n oorsig te voorsien met betrekking tot die omvang van dienslewering deur die SAOU gedurende die tydperk Januarie tot einde Mei 2018. Die SAOU se diensleweringsmodel is nie volmaak nie, maar u sal aflei die SAOU doen sy uiterste om kwaliteit diens aan sy lede te lewer. Dit is na alle waarskynlik ook die rede waarom ons jaar na jaar groei en reeds hierdie jaar met meer as 600 lede gegroei het.

7. ***Die geheimsinnige aard van die administrasie van TO Onderling/TO Strand en die vervreemding van die eiendom aan SAEF.***

Hierdie beskuldiging van geheimsinnigheid word verwerp. Geen eiendom van die SAOU is aan SAEF vervreem nie.

Die aandele van TOOM (TO STRAND) word gehou deur SAEF en dit is die prerogatief van die aandeelhouer om inligting oor die finansiële stand van maatskappye waarvan hy die aandele hou, bekend te maak.

As gevolg van die dramatiese agteruitgang van die Laer Suidkus van KZN, gepaardgaande met omvattende instandhoudingsprogramme, het TO Strand 'n insinking gedurende 2017/18 beleef, maar daar is geen rede waarom dit nie weer winsgewend kan wees nie. Die direksie is juis nou besig met 'n volledige en weldeurdagte omdraaistrategie.

Die besluit om bates van die ou TO aan 'n nuwe entiteit oor te dra, is geneem op 'n vergadering van die TO se Buitengewone Algemene Vergadering op 23 Mei 1992. 'n Afskrif van die besluit word hierby aangeheg as **Aanhangsel B**.

Die strategiese aanloop tot hierdie besluit is opgesom in die 'Powerpoint" skyfies wat volledig tydens inligtingsvergaderings met beide van u reeds hanteer is en waartydens u die geleentheid gegun is om volledig navraag te doen met betrekking tot sodanige strategiese redes.

8. ***SAEF se finansiële state (2016/2017) lys etlike onversekerde lenings van etlike miljoene rande, spesifiek aan FINSA en TO Strand. 2.4.2 Lede van die SAOU is herhaaldelik die versekering gegee dat die SAEF tot voordeel van die SAOU alleenlik tot stand gekom het, maar luidens die finansiële state is die werklike begunstigdes nie die SAOU nie, maar eerder FINSA en TO Strand***.

Die uitdagende omstandighede waarin FINSA en TOOM handeldryf is alombekend. Beide FINSA en TOOM bied voordele aan lede.

- FINSA is midde in 'n omdraaistrategie en die ouditeur is tevrede dat die keerpunt bereik is. Die lenings is rentevry en lenings word gedelg op 'n maandelikse basis. Volle vertroue bestaan dat die besigheid sal kan voortbestaan as lopende besigheid.
- TO Strand is geleë aan die Laer Suidkus van KZN en die hele omgewing is besig om te kwyn. 'n Breedvoerige omdraaiplan sal eersdaags volledig in werking gestel word.
- Die lenings is rentevry aan beide entiteite as gevolg van die uitdagende omstandighede waarin FINSA en TOOM handeldryf, met die doel om hul lewensvatbaarheid te behou/bevorder, asook om hulle balansstate te versterk. Geen direkteur geniet enige voordeel as gevolg hiervan nie.
- TO Strand se aandeelhouerslening spruit voort uit die 1980s en vroeë 1990s toe die voormalige TO die oord grootliks gesubsidieer het. Die opgeloopte verlies het op 'n stadium tot soveel as R30 miljoen beloop.

9. *Die vrae aangaande die voordeel vir SAOU in sy verhouding met die SAEF, bly onbeantwoord – die verwysing na 'n moontlike 'indirekte' voordeel is onbevredigend.*

Die verhouding deur en tussen die SAOU en SAEF word gestaaf deur 'n diensvlakoooreenkoms. Die SAOU se Strategiekomitee, 'n advieskomitee van die Dagbestuur het dit op 18 April 2018 oorweeg en geen wysiging verlang nie. Die SAOU word as begunstigde van SAEF ingevolge die diensvlakooreenkoms geïdentifiseer. 'n Afskrif van die diensvlakooreenkoms is as Aanhangsel C aangeheg.

Die lede van die SAOU baat soos volg uit die bystand van SAEF:

| Inligting (Boekjaar geëindig 28 Februarie 2017 | Koste / Jaar |
|---|---|
| Vergoeding vir 10 SAEF personeellede (Persentasie tyddeling na SAOU) | R 2 610 000 |
| 10 Pensionarisse se na-aftrede mediese subsidie | R 510 000 |
| Korting op huur | R 500 000 |
| Waarde van gratis ruimte | R 700 000 |
| Korting op huur (Vrystaat) | R 20 000 |
| Kwantum van korting aan lede te TO Strand | R 280 000 |
| Totaal | R 4 620 000 |
| Min Direkte verhalings van bg. | R 1 627 494 |
| Netto Waarde | R 2 992 506 |
| Rand waarde per lid per maand | R 6,74 |

Inligting hierbo is deur die ouditeur van die SAOU en SAEF, NORFER Ouditeure bevestig.

10. *Met die SAOU se inkomste van ongeveer R50 miljoen per jaar uit SAOU ledegelde, en die bedryfsuitgawes van ongeveer R15 miljoen per jaar, sou verwag word dat die surplus in ledediens teruggeploeg sou word.*

U bewering dat die bedryfsuitgawes van die SAOU slegs R15 miljoen per jaar beloop is nie korrek nie. Die korrekte uitgawe syfers vir die SAOU is soos volg:

- 2017: R45,4m
- 2018: R52,1m
- 2019: Begrote syfer R52,2m

Daar word deurgaans gepoog om opleidingsgeleenthede op 'n gelykbreek-basis aan te bied. Dit is wel waar dat elke provinsie 'n batige opleidingsaldo opbou, maar die formele opdrag van die Nasionale Dagbestuur aan die onderskeie Provinsiale Uitvoerende Rade is om sodanige saldo's aan te wend om opleiding in die provinsies te subsidieer, en ook om spesifiek die vraagstuk van skole wat sosio-ekonomies sukkel by te staan.

U bekommernis word ter harte geneem en sal die voordeel vir lede voortdurend in enige beplanning wat deur die Dagbestuur gedoen word, voor oë gehou word. U kan uit die opsomming van die SAOU se dienslewering wat reeds hierby aangeheg is, aflei dat dienslewering ons absolute erns is.

11. *U sal merk dat ek op 25 Mei 2018 'n klagte ingedien het, soos per die uitnodiging van 11 Mei 2018. Daarin is heelwat besware opgeteken aangaande die proses self, wat opgeneem is met mnr. Burger en ander persone wat hul met die FBSAOU vereenselwig. Dit sou meer betekenisvol wees indien 'n ad hoc-komitee saamgestel*

***word om die ondersoek en verdere prosesse te bestuur en dat uself en mnr. Klopper u van die proses onttrek om tot die integriteit en objektiwiteit van die ondersoekproses by te dra.***

Die Dagbestuur kan u verseker dat nie die President of die HUB enigsins betrokke is by die ondersoek van sy Edele Regter Willem Hartzenberg nie. Regter Hartzenberg het dit van meet af aan duidelik gestel dat hy kragtens 'n sekere protokol werk en alle opdragte met betrekking tot die ondersoek skriftelik aan mnr Louw Erasmus (prokureur) sal deurgee om te hanteer. Getuies, soos bv die President, die HUB of welke ander getuies die Regter in sy eie onbelemmerde diskresie verlang, sal gedaag word om voor die Regter te verskyn en getuienis af te lê.

Hy word bygestaan in die ondersoek deur 'n onafhanklike forensiese ouditeur wat Regter Hartzenberg self versoek het, mnr Schalk Strydom, wat absoluut geen bande met enige SAOU-entiteit het nie.

Sy Edele Regter Hartzenberg het ook genoem dat hy moontlik 'n openbare sitting sal hou waar enige persoon met *prima facie* bewese klagtes, opgeroep sal word om getuienis te gee.

Hierdie ondersoek word op 'n armlengte basis en streng volgens die voorskrifte van sy Edele Regter Hartzenberg hanteer.

Bloot ter inligting word die mandaat aan Sy Edele Regter Hartzenberg hieronder herhaal :

> *"Geagte Regter,*
>
> *Ek het opdrag ontvang van die Dagbestuur van die Suid Afrikaanse Onderwysunie (SAOU) om hierdie skrywe aan u te rig. Die Bestuursraad van die South African Education Foundation (SAEF) het 'n soortgelyke opdrag aan my gegee.*
>
> *Die doel van hierdie skrywe is om u te versoek om 'n ondersoek te loods na die bewerings wat mnr Michael Pashut maak met betrekking tot die bestuur en bedryf van die SAOU en SAEF. Ek besef dat hierdie 'n breë opdrag is wat tydens die eerste konsultasie met u verder verfyn sal word.*
>
> *Die oogmerk van die ondersoek is om u bevindinge te bekom (en moontlike aanbevelings te verkry, indien daar tekortkominge is) met betrekking tot die bewerings wat deur mnr Pashut gemaak word.*
>
> *Vir die doeleindes van hierdie ondersoek sal u toegang kry tot alle dokumente en rekords van die SAOU en SAEF, sonder uitsondering. U sal ook van sekretariële/administratiewe steun voorsien word en verdere besonderhede sal tydens die aanvanklike konsultasie met u bespreek word.*
>
> *Indien u mondelingse getuienis wil aanhoor, sal gepaste reëlings met u getref word oor die prosedure daaraan verbonde. U mag dalk van die dienste van 'n onafhanklike advokaat gebruik wil maak om as 'getuienis-leier' op te tree. Ook hierdie prosedure sal tydens konsultasie verfyn word.*
>
> *Ons voorsien nie dat daar enige probleme sal ontstaan met die verkryging van mondelinge getuienis nie. Die volgende persone het reeds hulle instemming verleen om mondelingse getuienis te lewer:*
> *Dr Louis Swanepoel – President SAOU*
> *Mnr Chris Klopper – Hoof Uitvoerende Beampte SAOU*

*Dr Huw Davies – Vorige Hoof Uitvoerende Beampte SAOU*
*Mnr Corn Booyens – Vorige President SAOU*
*Mnr Jopie Breedt – Vorige President SAOU*
*Huidige ouditeure van SAOU en SAEF*

*Die SAOU/SAEF sal alles in hulle vermoë doen om enige ander getuienis wat in die loop van u ondersoek blyk nodig te wees, te bekom.*

*Skrywer hiervan sal vir doeleindes hiervan as prokureur van rekord optree en kan alle korrespondensie en versoeke aan hom gerig word vir verdere hantering.*

*Ten slotte, die SAOU en SAEF sal graag u bevindings/aanbevelings ten opsigte van die volgende spesifieke aspekte verlang :*

1 *Of die struktuur van die bestuur van die onderskeie entiteite binne die "SAOU GROEP", gesien teen die historiese agtergrond van die skepping daarvan, nadelig of potensieel nadelig, vir die lede van die SAOU is of kan wees;*
2 *Of daar enige prosedurele onreëlmatighede was oor die jare in die vasstel van die vergoedingspakket van mnr Chris Klopper by die SAOU en SAEF;*
3 *Of daar in die verkiesing van die verkose leiers wat tans die Dagbestuur van die SAOU vorm, enige onreëlmatighede was."*

Daar moet in gedagte gehou word dat mnr Pashut skriftelik uitgenooi is om aan 'n mediasieproses onder voorsitterskap van 'n onafhanklike Senior Advokaat (SC) deel te neem sodat sy wanpersepsies en bekommernisse uit die weg geruim kon word, maar het hy dit van die hand gewys. Hy het die pad van konfrontasie gekies en aangedring op die betaling van miljoene rande se "skadevergoeding" anders sou hy voortgaan met sy smeerveldtog teen die SAOU en mnr Chris Klopper. Die SAOU is deurlopend met negatiewe publisiteit in die media gedreig. Sou mnr Pashut en sy navolgers die pad van mediasie geloop het, kon die proses van "ondersoek" heel waarskynlik anders daaruit gesien het. Die SAOU sal hom nie laat afpers nie en soos uit die mandaat van die Regter hierbo uiteengesit blyk, onderwerp die SAOU hom aan 'n ondersoek waar al mnr Pashut se bewerings getoets sal word.

***12. 'n Vertrouensbreuk kan allermins herstel word deur volumes verduidelikings, maar eerder om die mandaat van leiers weer te toets. 4.3 Dit is dus die ernstige versoek van die FBSAOU dat die onsekerheid, onduidelikheid en die staat van wantroue in die SAOU-bestuur aangespreek kan word deur die hou van 'n spesiale Nasionale Kongres in terme van die Grondwet. 4.4 Ons versoek uitdruklik dat: 4.4.1 hierdie skrywe aan lede van die Nasionale Uitvoerende Raad ("NUR") voorgelê word; en 4.4.2 die NUR in terme van par 9.3.2 van die grondwet van die SAOU, 'n spesiale Nasionale Kongres byeenroep om die leierskap se mandaat te bevestig, of om 'n nuwe bestuur te verkies.***

Met respek, u span spreekwoordelik die kar voor die perde. Die Dagbestuur is van mening dat Sy Edele Regter Hartzenberg toegelaat moet word om ongehinderd sy ondersoek te voltooi. Sy verslag sal bekend gemaak word, en indien nodig, kan daar op daardie stadium oorweging geskenk word aan verdere optrede na aanleiding van sy bevindinge.

Die Dagbestuur gaan nie op hierdie stadium u versoek gunstig oorweeg nie.

U is natuurlik heeltemal geregtig om ongeag die Dagbestuur se besluit in hierdie verband, u demokratiese reg in terme van die Grondwet van die SAOU uit te oefen en self die prosedure te volg om ‘n Spesiale Kongres af te dwing. Dit is natuurlik onderhewig daaraan dat u wel die vereiste steun daarvoor soos in die Grondwet vereis, kan demonstreer. As u oor die oorweldigende steun beskik soos wat u beweer, behoort dit mos nie ‘n onoorkombare struikelblok te wees nie.

Hoogagtend,

________________________________
Mev Louise Lemmer
Adjunk President, SAOU
namens Nasionale Dagbestuur

<u>OPSOMMING VAN SAOU INTERVENSIES NAMENS LEDE EN ALGEMENE DIENSLEWERING</u>

Ons hou u op hoogte:

| | |
|---|---|
| Nasionale nuusbriewe 2018 (Januarie – 11 Mei) | 14 |
| Professionele Ontwikkelingsdienste | 11 |
| Regsdienste | 1 |
| Onafhanklike skole inisiatief | 2 |
| Gauteng nuusbriewe 2018 | 26 |
| KZN nuusbriewe 2018 | 13 |
| Limpopo nuusbriewe 2018 | 20 |
| Mpumalanga nuusbriewe 2018 | 25 |
| Noord-Kaap nuusbriewe 2018 | 19 |
| Noordwes nuusbriewe 2018 | 19 |
| Oos-Kaap nuusbriewe 2018 | 14 |
| Vrystaat nuusbriewe 2018 | 20 |
| Wes-Kaap nuusbriewe 2018 | 28 |

Benodig jy raad? Bel of epos die Inbelsentrum, Professionele Ontwikkelingsdienste, Regsdienste of jou provinsiale kantoor of vra ons op Sosiale Media:

Lede navrae wat hanteer is: (Januarie – Mei)

| | |
|---|---|
| Inbelsentrum: | 5757 |
| Professionele Ontwikkelingsdienste | Onmeetbaar – advies vanaf verskeie lessenaars is gebied: Vroeëkindontwikkeling (Gr R – 3); Intersen Fase (Gr. 4-9); VOO (Gr10-12)-, NSS- en Tegniese skoolnavrae; Inklusiewe onderwys en sosiale media kwessies. Enigiets van kurrikulum navrae tot prosedurele navrae. Probleemoplossende navrae in Sosiale Media. |
| Onafhanklike skole inisiatief | Navrae is weekliks ontvang |
| Regsafdeling | 710 |
| Nasionale Facebook | +/- 10 |
| Gauteng | Navrae is daagliks ontvang. Onmeetbaar. |
| KZN | 159 |
| Limpopo | 1000+ |
| Mpumalanga | 351 + (opvolgsake, daaglikse navrae |
| Noord-Kaap | 1280 |
| Noordwes | 2500 |
| Oos-Kaap | Navrae is daagliks ontvang. Onmeetbaar. |
| Vrystaat | 1200+ |
| Wes-Kaap | 474 |

Sukkel jy met 'n salariskwessie? Ons kan help om jou geld terug te kry.

Gelde terug in die lid se sak:

| | |
|---|---|
| Gauteng | R 265 198.49 |
| KZN | R1.5 mil. |
| Limpopo | +/- R86 000 |
| Mpumalanga | R192 000+ |
| Noord-Kaap | +/- R100 000 |

| | |
|---|---|
| Noordwes | R8 927 100 |
| Oos-Kaap | R177 268 |
| Vrystaat | R4, 277 309.59 |
| Wes-Kaap | +/- R 1.7 mil. |

Het jy nuwe idees, hulp met regskwessies in 'n skoolverband of 'n bietjie motivering nodig ?

Ons kan u help.

Opleidingsgeleenthede (Januarie – Junie) 2018:

| | |
|---|---|
| Professionele Ontwikkelingsdienste | 56 (Opleiding vir Nasionale en Provinsiale geleenthede) |
| Onafhanklike skole inisiatief | 8 |
| Regsafdeling | 8 |
| Nasionaal | 1 |
| Gauteng | 9 |
| KZN | 7 |
| Limpopo | 5 |
| Mpumalanga | 8 |
| Noord-Kaap | 11 |
| Noordwes | 8 |
| Oos-Kaap | 13 |
| Vrystaat | 12 |
| Wes-Kaap | 13 |

Let wel: Nie-lede word ook by ons opleidingsessies verwelkom, dit kos hulle net meer!

Ons is u stem tydens kollektiewe onderhandelinge en nasionale en provinsiale advieskomitees.

Ons veg altyd vir die voordeel van die lid:

| | |
|---|---|
| Professionele Ontwikkelingsdienste | 34 vergaderings tot dusver bygewoon. Dit sluit in, maar is nie beperk tot VKO-werkstroom, Inklusiewe Onderwys aangebied deur DBE, Onderwys Lekgotla, Nasionale Eksamens en Assesseringskomitee, Onderwysbestuursinligtingstelsels, SARO-onderrigstandaarde, Nasionale Kurrikulum- en Assesseringstaakspan, Onderwysontwikkeling en Kurrikulumbestuur, EDTP- SETA, Finansieskomitee (DBE), Onderriglees, Onderwyserwaardering en ondersteuningsprogram, AOO-assessering, Landbou Imbiso, Maatskaplike Geregtigheidskomitee (FEDUSA), Hedcom Kwaliteitversekering, Drie Stroomministeriële Taakspan, PrimTed-projek, Toekoms van onderrig in Afrika, Education International en UNESCO/SADC. |
| Onafhanklike skole inisiatief | HedCom Subkomitee oor Onafhanklike Skole |
| Nasionaal | RAVO-vergaderings = 24 |

| | |
|---|---|
| Gauteng | • Taakspanne, TVET, Chamber & CTU-ATU = 37<br>• Nasionaal, GAU, Belangegroepe & PUR = 17 |
| KZN | Verteenwoordig op 12 verskillende forums / taakspanne |
| Limpopo | 6 |
| Mpumalanga | Provinsiale Bedingingsvergaderings, Taakspanne, PSCBC en enige bilaterale vergaderings op 'n behoeftebasis |
| Noordkaap | RAVO taakspan vergaderings gehad = 5 |
| Noordwes | Formele vergaderings, Formele / Spesiale STANCO-vergaderings, Taakspan op Konsep kollektiewe Ooreenkomste, Taakspan oor dispuutvoorkoming, Posvoorsiening (PPM), MTEF, QLTC Vergaderings, Veiligheid in skole werkswinkels = 9 |
| Oos-Kaap | Verteenwoordig lede in taakspanbyeenkomste, kamervergaderings, distriksvergaderings |
| Vrystaat | Rationalization Task Team, Dispute Prevention Taakspan, STANCO, Posvoorsienende Taakspan en Kamer van die RAVO. Kortlys en Onderhoude, vergaderings met SBL's, vergadering met borge en OSW's, vergaderings met ander opvoedkundige belanghebbendes soos universiteite, media, privaatskole, tesourie |
| Wes-Kaap | Verteenwoordig op 25 verskillende forums / taakspanne |

Ons doen ook skoolbesoeke om onderwysverwante innovasies / kwessies te bespreek:

| | |
|---|---|
| Professionele Ontwikkelingsdienste | 17 skoolbesoeke oor vier provinsies, wat twee universiteitsbesoeke insluit. |
| Regsafdeling | 8 |
| Gauteng | 58 |
| KZN | 17 |
| Limpopo | 12 |
| Mpumalanga | 22 |
| Noord-Kaap | 17 |
| Noordwes | 40 |
| Oos-Kaap | 28 |
| Vrystaat | 12+ |
| Wes-Kaap | 88 |

As u in 'n dissiplinêre verhoor, bemiddeling of arbitrasie gesleep word, sal ons met u raadpleeg, help met alle nodige papierwerk en jou tydens die formele verhore en vergaderings bystaan:

| | |
|---|---|
| Regsdienste | 99 (sluit konsultasie en verhoor / arbitrasie / bemiddeling in) |

| | |
|---|---|
| Gauteng | 50 (sluit konsultasie en verhoor / arbitrasie / bemiddeling in) |
| KZN | 18 (sluit konsultasie en verhoor / arbitrasie / bemiddeling in) |
| Limpopo | - |
| Mpumalanga | - |
| Noord-Kaap | 14 (sluit konsultasie en verhoor / arbitrasie / bemiddeling in) |
| Noordwes | 30 (sluit konsultasie en verhoor / arbitrasie / bemiddeling in) |
| Oos-Kaap | 30 (sluit konsultasie en verhoor / arbitrasie / bemiddeling in) |
| Vrystaat | 38 (sluit konsultasie en verhoor / arbitrasie / bemiddeling in) |
| Wes-Kaap | 52 (sluit konsultasie en verhoor / arbitrasie / bemiddeling in) |

Persoonlike onderhoude met lede:

| | |
|---|---|
| Gauteng | 41 |
| KZN | 4 |
| Limpopo | 15 |
| Mpumalanga | 8 |
| Noord-Kaap | 35 |
| Noordwes | 20 |
| Oos-Kaap | Daagliks |
| Vrystaat | 50+ |
| Wes-Kaap | - |
| Professionele Ontwikkelingsdienste | 5 |

As jy nie suksesvol is met jou pogings om jou salaris, pensioen of kwessies by die departement reg te stel nie, sal ons hulle vir jou of saam jou besoek:

Departementele (distrikte) besoeke:

| | |
|---|---|
| Gauteng | 37 |
| KZN | 11 |
| Limpopo | 16 |
| Mpumalanga | 16 |
| Noord-Kaap | +/- 100 |
| Noordwes | 30 |
| Oos-Kaap | Weeklikse besoek aan PE en/of OL distrik kantore |
| Vrystaat | Daagliks |
| Wes-Kaap | Alles is gesentraliseer by die WKOD se hoofkantoor - geen distriksbesoeke is nodig nie. |

Die Professionele Ontwikkelingsdienste is ook tans besig met navorsingsprojekte en het tot dusver al 4 voltooi. Die span skryf ook gereeld media artikels oor onderwyskwessies waarvan 6 in die Beeld / Netwerk24 verskyn het.

# Transvaalse Onderwysersvereniging

Serenestraat 278
Garsfontein
Pretoria
•
Posbus 90120
Garsfontein
0042
•
Telefoonnommer:
(012) 348-9641
•
Telegramadres:
Transito
•
Verwysing:
CFB/K3
•
Teleks
322632
•
Faks:
(012) 348-9658

1992-06-04

**BUITENGEWONE ALGEMENE VERGADERING VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSERSVERENIGING OP SATERDAG 23 MEI 1992 BY DIE ONDERWYSKOLLEGE VAN PRETORIA**

## NOTULE

## EERSTE SITTING

1. **PRESENSIE**

Die Buitengewone Algemene Vergadering word bygewoon deur ongeveer 400 afgevaardigdes en hoofbestuurslede. Die afgevaardigdes verteenwoordig 85 van die 88 TO-takke.

2. **SAMESANG**

Voor die aanvang van die Algemene Vergadering sing die afgevaardigdes onder begeleiding van mnr Fanie van Vuuren en die sangleiding van mnr P J Erasmus 'n aantal Afrikaanse liedjies.

3. **OPENING**

3.1 **Skriflesing en gebed**

Op versoek van die Voorsitter van die TO open mnr D J van Tonder, lid van die Dagbestuur van die TO die eerste sitting van die Buitengewone Algemene Vergadering met skriflesing uit Jehemia 4 en gebed.

3.2 **Dankwoord**

Die Voorsitter bedank mnr Van Tonder vir die treffende en paslike wyse waarop hy die Buitengewone Algemene Vergadering geopen het en stel ook dat die TO in sy Grondwet verklaar dat hy die Woord van God as sy grondslag aanvaar en dat hy dit ook as een van sy grondbeginsels stel dat onderwys en opvoeding Christelik-volkseie sal wees. Deur die opening is hierdie grondbeginsel opnuut bevestig.

duplicerend is met 'n naam wat dalk moontlik mag bestaan, die Hoofbestuur en die Dagbestuur versoek word om dit te hanteer en 'n gepaste naam vir die stigting te finaliseer.

(iii) Dat die Hoofbestuur gemagtig word om indien onvoorsiene gebeure op staatkundige of ander terreine dit noodsaak, tussentyds te handel met die sake waaroor die Buitengewone Algemene Vergadering besluit het en dan tydens die volgende Algemene Vergadering daaroor verslag te doen.

(iv) Dat die volgende aspekte wat tydens die bespreking gestel is verdere aandag in die verfyning van die Grondwet vir die Afrikaanse Onderwysers-unie sal geniet:

(a) Waar moedertaal onder die doelstellings ingeskryf is, kan oorweeg word om dit ook onder beginsels in te skryf.

(b) Die inskrywing van "die handhawing van Afrikaans" onder die beginsels.

(c) Die oprigtingskoste en befondsing van moontlike streekkantore van die oorkoepelende organisasie behoort duidelik bepaal te word.

(d) Die insluiting van geldelike bates van 'n Vereniging by die groter Unie sal verdere oorweging moet geniet.

(e) Die aanwending van fondse waaroor die Vereniging beskik in belang van sy lede (byvoorbeeld studiebeurse, behuising, ensovoorts) moet in ag geneem word.

## 14. STIGTING VAN "SUID-AFRIKAANSE ONTWIKKELINGSTIGTING" (SAOS)

Nadat die Buitengewone Algemene Vergadering die nodige grondwetlike wy-sigings aangebring het asook beskrywingspunte in die verband goedgekeur het, word ook goedgekeur dat Jacobus Frederik Steyn as oprigter van die stigting met die nodige magtiging wat deur die akte vir die oprigting en konstitusie van die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingstigting (SAOS) verleen, die betrokke stigting onmid-dellik in die lewe roep. Die huidige lede van die Dagbestuur van die Transvaalse Onderwysersvereniging soos op 23 Mei 1992 vorm die eerste Bestuur en Dag-bestuur van die stigting. Die lede onderteken die amptelike stigtingsakte.

## 15. SALARISAANPASSINGS VIR ONDERWYSPERSONEEL

Op versoek van lede van die Buitengewone Algemene Vergadering lig prof J F Steyn, Direkteur: TO-dienste die vergadering in oor die stand rakende moontlike salarisaanpassings vir opvoeders en verwys hy in die inligting na onderhandelings wat met die owerheid gevoer is, die onderhandelings van die res van die owerheidsektor in die verband asook onderhandelings wat nog gevoer sal word. In die onderhandelings word hoofsaaklik aandag gegee aan die persenta-sieverhoging wat ter sprake sal wees asook die implementeringsdatum daarvan.

# DIENSVLAKOOREENKOMS

AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN DIE PARTYE

**SOUTH AFRICAN EDUCATION FOUNDATION**

(hierna genoem "SAEF", en waarby ingesluit is regsentiteite wat onder die bestuursbeheer van SAEF ressorteer)

EN

**SUID AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE**

(hierna genoem "SAOU")

Namate die volgende verwesenlik is:

- Die strewe van die SAEF en die SAOU(Noord) om groter en formele eenheid onder die geledere van die Afrikaanse professie te bewerkstellig onder die vaandel van die SAOU;
- Die oorname van alle regte en verpligtinge van die Suid Afrikaanse Ontwikkelingstigting(SAOS) deur SAEF as amptelik aangewese regsopvolger;
- Die terminering van die voorrmalige agente se agentskapsooreenkomste met die SAOU met ingang van 1 Maart 2006; en
- Die wens van beide die SAOU en SAEF om die diensvlakooreenkoms wat aangegaan was deur en tussen die SAOU(Noord) en SAOS, op dieselfde voorwaardes voort te sit,

Kom die partye derhalwe soos volg ooreen:

**1. Basis van ooreenkoms:**

1.1 Die basis van die ooreenkoms is die oorspronklike samewerkingsooreenkoms soos gesluit deur en tussen die Transvaalse Onderwysersvereniging (met ingang van 12 November 2004, bekend as SAOU (Noord)) en die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingstigting wat met ingang van 1 September 1993 geldig is, en op 21 Februarie 1994 gesluit is.

1.2 Dit is die wens van die partye om die ooreenkoms aan te pas met inagname van veranderde omstandighede, en om dit steeds vir 'n onbeperkte periode voort te sit.

1.3 In die geval van enige moontlike dispuut tussen die partye en hulle regsopvolgers, sal die oorspronklike samewerkingsooreenkoms as basis dien vir beslegting daarvan.

1.4 Word die SAOU as amptelike regsopvolger van die SAOU(Noord) geag, en is SAEF en SAOU oor en weer teenoor mekaar aanspreeklik om die onderskeie pligte en verantwoordelikhede teenoor mekaar te honoreer soos opgeneem in die ooreenkoms, maar veral in die gees van die oorspronklike samewerkingsooreenkoms soos na verwys in paragraaf 1.1 hierbo.

2. Pligte van SAEF

SAEF onderneem die volgende:

2.1 Die voorsiening van dienste en personeel soos van tyd tot tyd ooreengekom, of wat by wyse van konvensie reeds gevestig is, wat die volgende insluit, maar nie noodwendig daartoe beperk is nie:

2.1.1 Senior bestuursdienste en bestuurspersoneel;

2.1.2 Finansiële- en rekenkundige dienste

2.1.3 Administratiewe bestuursdienste en verbandhoudende infrastruktuur;

2.1.4 Menslike hulpbronbestuur en interne arbeidsverhoudinge;

2.1.5 Bestuur en instandhouding van die SAOU se lede- en algemene databasis, waarby ingesluit is die invordering van ledegeld, asook deurlopende skakeling met PERSAL;

2.1.6 Die bestuur, opgradering en instandhouding van die webwerf van die SAOU;

2.1.7 Telefoondienste en die voorsiening van verbandhoudende dienste en toerusting;

2.1.8 Voorsiening van doelmatige IT infrastruktuur, verbandhoudende toerusting en dienste, wat insluit die gereelde opdatering en bewaring van data;

2.1.9 Vestiging, bestuur en instandhouding van ooreengekome korporatiewe dienste en verbandhoudende lojaliteitsprogramme;

2.1.10 Bestuur en onderhoud van die motorvloot; en

2.1.11 Aflewerings- en bodedienste.

2.2 Personeel beskikbaar te stel aan die SAOU op 'n wyse soos van tyd tot tyd ooreengekom.

2.3 Die databasis van die SAEF en die SA Stigting vir Onderwys en Opleiding (SASOO) beskikbaar te stel vir gebruik soos van tyd tot tyd ooreengekom.

2.4 Die vertroulikheid van bestaande en toekomstige databasisse te honoreer en in die algemeen slegs aan te wend vir die doeleindes soos van tyd tot tyd ooreengekom.

2.5 Geleenthede en strukture te vestig waartydens redelike kommunikasie kan plaasvind ten einde beide partye in staat te stel om met hulle pligte as dienverskaffers te kan voldoen.

2.6 Doelmatige werksruimtes en kantoor-infrastruktuur te voorsien te Garsfontein Pretoria, en vir die doel 'n redelike huurooreenkoms te voorsien, waarby ingesluit is die volgende

verbandhoudende dienste, nl. skoonmaakdienste, voorsiening van geskikte vergaderlokale, instandhouding en spysenieringsdienste.

2.7 Mee te werk met die SAOU as integrale diensverskaffer aan onderwyspersoneel, ouergemeenskappe en onderwysinrigtings.

2.8 By geleenthede waar bemarkingsaksies plaasvind, ook vir die SAOU as integrale diensverskaffer te bevorder.

2.9 Navorsingsresultate ook aan die ander partye beskikbaar te stel ooreenkomstig die doel vir benutting soos van tyd tot tyd bepaal.

3. **Pligte van SAOU**

SAOU onderneem om ten opsigte van die werksaamhede van die SAOU, die volgende pligte teenoor SAEF en die regsentiteite wat 'n integrale deel vorm van die werksaamhede van die SAEF, na te kom:

3.1 Mee te werk met die SAEF se onderskeie dienskomponente op 'n wyse soos van tyd tot tyd bepaal deur die Hoof Uitvoerende Beampte van die SAEF

3.2 Personeel beskikbaar te stel aan 'n wyse soos van tyd tot tyd ooreengekom ten einde SAEF in staat te stel om sy verpligtinge ingevolge dié ooreenkoms na te kom.

3.3 Die tydige en gereelde betaling van die administratiewe vergoeding, bestuursfooie en huur soos van tyd tot tyd ooreengekom.

3.4 Mee te werk met die SAEF en die SA Stigting vir Onderwys en Opleiding (SASOO) as integrale diensverskaffer aan onderwyspersoneel, ouergemeenskappe en onderwysinrigtings op 'n wyse soos van tyd tot tyd ooreengekom.

3.5 Die werksaamhede van die SAEF en SASOO te bevorder op 'n wyse soos van tyd tot ooreengekom.

3.6 Kostes wat die SAEF namens en ten behoewe van SAOU aangegaan het, te vergoed op 'n tyd en wyse soos van tyd tot tyd ooreengekom.

3.7 Die databasis van die SAOU beskikbaar te stel vir gebruik soos van tyd tot tyd ooreengekom.

3.8 Die vertroulikheid van die databasis van die SAEF en SASOO te eerbiedig, en/of sodanige databasis slegs te benut vir die doeleindes soos van tyd tot tyd ooreengekom.

3.9 By geleenthede waar bemarkingsaksies plaasvind, ook vir die SAEF en SASOO as integrale diensverskaffers te bevorder.

3.10 In die algemeen die verhouding met die SAEF sodanig instand te hou ten einde te verseker dat daar voldoen kan word aan die vereistes wat geredelikerwys ingevolge 'n diensvlakooreenkoms verwag kan word.

## 4. Administatiewe Vergoeding en ander Vergoeding

4.1 Die administratiewe vergoeding betaalbaar deur SAOU as kompensasie vir die voorsiening van gemelde dienste sal op ondertekeningsdatum R 59,750.00 per maand (BTW ingesluit), beloop.

4.2 Die administratiewe vergoeding sal jaarliks by wyse van onderlinge ooreenkoms aangepas word, maar by gebrek daaraan, sal 'n eskalasie van 7 % geld.

4.3 Die vergoedingsbasis kan van tyd tot tyd uitgebrei word na aanleiding van die onderlinge behoefte van die partye.

## 5. Duur van ooreenkoms

5.1 Onderhewig aan die bepaling van paragraaf 1 hierbo en die oorspronklike samewerkingsooreenkoms, sal die ooreenkoms duur vir 'n onbepaalde periode tussen die partye en hulle regsopvolgers in die geval van herstrukturering en/of ontbinding van een van die partye, vir welke rede ookal.

5.2 Die ooreenkoms kan slegs getermineer word ooreenkomstig onderlinge ooreenkoms.

## 6. Wysiging van Ooreenkoms

Die ooreenkoms kan slegs by wyse van formele ooreenkoms gewysig word.

**Aldus gedaan en onderteken te Pretoria op die 10de dag van Oktober 2006**

**Getuie**

**SAOU**

**Getuie**

**SAEF**